



| | | |
|-------------------------|---|---|
| VAK EN GRAAD | Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 12 | |
| KW 2 | Week 4 | |
| ONDERWERP | Gedig: Pyslied (Antjie Krog) | |
| DOEL | Verduideliking van die gedig <i>Pyslied</i> (inhoud en literêre aspekte) | |
| BRONNE | Papierbron | Digitale bron |
| | Raadpleeg <i>Verskuns vir Eerste Addisionele Taal</i> (Samesteller: Riens Vosloo) vir addisionele inligting oor hierdie gedig. | https://www.britannica.com/art/praise-song Addisionele inligting oor wat 'n pyslied is. |
| INLEIDING | <p>Hou jy van liedjies? Teen hierdie tyd weet jy dat 'n liedjie 'n "song" (in Engels) is en dat mense gewoonlik liedjies sing wanneer hulle hartseer (of) opgewek is. Hierdie gedig is 'n pyslied. Prys verwys na "praise".</p> <p>As jy 'n spesiale persoon in jou lewe wil prys, hoe sal jy dit doen? Natuurlik sal jy na die persoon se goeie dae en besondere eienskappe verwys. Miskien is hierdie persoon jou ma, pa, ouma of oupa. Selfs 'n broer of suster.</p> <p>In die isiXhosa-tradisie word pysliedere (meervoud van pyslied) gebruik om merkwaardige of invloedryke persone (wat 'n positiewe rol in die mense se lewe speel) te prys of te vereer. Die persoon se besondere eienskappe en goeie dae word besing.</p> | |
| KONSEPTE EN VAARDIGHEDE | In hierdie bespreking gaan ons na die volgende verwys: 1.Die inhoud van die gedig; 2.Die uiterlike bou en 3.Watter tema en boodskap die gedig wil oordra | |

Kom ons lees nou die gedig:

Pryslied - Antjie Krog

1. In die sandkliphart
2. vandag
3. staan hy
4. kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
5. houtskool en as is sy hare
6. hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
7. uNosekeni die ma van Mandela
8. hy, die man met die vlesige palmkussings
9. hier staan hy
10. uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
11. die seun van Dalindyebo
12. die seun van Mandela
13. hy van die rivieroewers by iNqunu
14. heelmaker uit die Thembu-stam

15. 'n klein swart ster priem sy bolip

16. ons prys hom
17. hy wat nie lag nie en nie huil nie
18. eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
19. die swart pimpernel
20. hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

21. hier staan hy dan nou voor ons
22. Nelson Rolihlahla Mandela
23. getrokke tak van lank gelede
24. die sleepsels van sy blare lê wyd
25. legendaries is hy – opspoorder van harte

26. hy maak die pante bymekaar
27. van 'n verskeurde land
28. hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
29. hy, heelmaker van mense
30. hy stig vrede
31. vrede, die ma van groot nasies

Bestudeer die onderstaande tabel om die gedig beter te verstaan:

| ASPEK | VOORBEELD | BETEKENIS/ FUNKSIE |
|-----------------|---|---|
| TITEL | PRYSLIED | PRYSLIED bestaan uit twee woorde: prys en lied . Ons verwag dus dat iemand geprys of vereer gaan word. In hierdie gedig (wat ook 'n pryslied is) word ons voormalige president, Nelson Mandela vereer of geprys. |
| Reël 1 | "in die sandkliphart" | "sandkliphart" is 'n voorbeeld van 'n metafoor. Dit verwys na die Uniegebou. Dit is in die hart (middel of sentrale deel) van Pretoria. Die sandklip verwys na die sandklip waarmee die Uniegebou gebou is. Nelson Mandela het sy toespraak hier gelewer. |
| Reël 2 | "vandag" | Hier kry ons 'n voorbeeld van alleenplasing . Beklemtoon die belangrikheid van die datum, 10 Mei 1994, toe Nelson Mandela as die eerste president na die demokratiese verkiesing ingehuldig is. Hierdie dag is in Geskiedenisboeke opgeneem. |
| Reël 3, 9 en 21 | "staan hy" "hier staan hy" "hier staan hy dan nou voor ons" | In hierdie drie reëls word die woorde "staan hy" herhaal. In reël 3 kry ons 'n voorbeeld van alleenplasing asook omgekeerde woordorde . Dit verwys na die feit dat hy 'n toespraak lewer. Mense staan gewoonlik as hulle toesprake lewer. Die hele wêreld se aandag is op hom. Reël 9 beklemtoon sy selfvertroue; hy staan vir sy beginsels –dit waaraan hy glo. Ons kry ook in hierdie versreël 'n voorbeeld van inversie om die plek waar hy staan te beklemtoon . Inversie is omgekeerde woordorde. "Hy staan hier"(normale |

| | | |
|---------|--|---|
| | | <p>woordorde) word omgeruil met “hier staan hy”</p> <p>In reël 21 word die feit dat hy sy toespraak voor die nasie lewer, herhaal. Hierdie gebeurtenis is 'n belangrike gedeelte van ons geskiedenis. Herhaling word gebruik om te beklemtoon. Onthou ook dat herhaling een van die eienskappe van 'n pryslied is.</p> |
| Reël 4 | “kop en skraal skouers staan hy bo almal” | <p>Hier kry ons ook 'n voorbeeld van alliterasie (herhaling van s) en assonansie (herhaling van a). Dit dra by tot die klankrykheid van die pryslied en dit bind die gedig tot 'n hegte eenheid.</p> <p>Letterlike betekenis (denotasie): Hier word na sy lengte verwys asook die feit dat die ander mense sit terwyl hulle na hom luister.</p> <p>Figuurlike betekenis (konnotasie): Hy is op daardie oomblik belangriker as al die ander mense wat na hom luister. Hy is 'n internasionale ikoon (“icon”), 'n leier.</p> |
| Reël 5 | “houtskool en as is sy hare” | Hier word na sy haarkleur verwys. Houtskool (charcoal) is swart en as (ashes) is grys. Hy is besig om grys te word. |
| Reël 6 | “hy, die sandkleurige seun van uNosekeni” | Sy velkleur is soos dié van sand. |
| Reël 7 | “uNosekeni die ma van Mandela” | Sy ma se naam is uNosekeni. Die ma se naam word herhaal om te beklemtoon hoe belangrik sy is. Sy het geboorte geskenk aan 'n internasionale ikoon. |
| Reël 8 | “hy, die man met die vlesige palmkussings” | <p>“vlesige palmkussings” verwys na sy groot, sagte handpalms. Sy palms word met kussings vergelyk. Dis 'n voorbeeld van 'n metafoor. 'n Metafoor is 'n direkte vergelyking. Sy handpalms word met sagte kussings vergelyk. Hy hanteer mense op 'n goeie manier.</p> <p>“Hy” word vooropgeplaas om sy belangrikheid te beklemtoon. Vooropplasing beteken die woord staan aan die begin van die reël. “Hy” word tien keer genoem (herhaling) om aan te dui hoe belangrik Nelson Mandela is. Die aandag word derhalwe gevestig op die ontvanger van die lofprysing.</p> |
| Reël 10 | “uit die gevestigde familie van | uNgubencuka was koning van die Thembu-stam. Hier word sy familienaam genoem. Die opnoem van eiename |

| | | |
|--------------------|--|---|
| | uNgubengcuka" | (soortname wat met hoofletters geskryf word) is ook deel van die kenmerke van 'n pryslied. Sekere woorde soos "die seun van" word herhaal wat ook kenmerke van 'n pryslied is. |
| Reël 11 | "die seun van Dalindyebo" | Dalindyebo (eienaam) het na hom omgesien toe sy pa oorlede is. Hy was toe sy voog ("guardian"). |
| Reël 12 | "die seun van Mandela" | Mandela is sy pa se van. |
| Reël 13 | "hy van die rivieroewers by iNqunu" | "iNqunu" (eienaam) is die plek waar hy grootgeword het. Hy het ook moontlik as kind langs die rivier gespeel. |
| Reël 14 en Reël 29 | "heelmaker uit die Thembu-stam" "hy, heelmaker van mense" | Sy stamnaam is Thembu. Nelson is 'n vredemaker en het mense met mekaar versoen en het tot nasiebou (nation building) bygedra. |
| Reël 15 | "'n klein swart ster priem sy bolip" | Letterlike betekenis: Dit verwys na die moesie bokant sy bolip. Figuurlike betekenis: Hy is 'n ster (held) in ons geskiedenis. Hier kry ons ook 'n metafoor : Die moesie word met 'n swart ster vergelyk. Die s-klank word herhaal wat op alliterasie dui. Alliterasie dra by tot die klankrykheid van die gedig en dien ook as bindmiddel. |
| Reël 16 | "ons prys hom" | Hier vind ons die essensie(kern) van die pryslied. Nelson Mandela word geprys. "ons" verwys na Suid-Afrikaners. |
| Reël 17 en Reël 20 | "hy wat nie lag nie en nie huil nie" "hy wat nie lag nie en ook nie huil nie" | Dis 'n voorbeeld van herhaling . Nelson Mandela lyk soos iemand wat nie emosie toon nie. lag teenoor huil is 'n voorbeeld van kontras . In taal praat ons van antonieme . In letterkunde praat ons van kontras . |
| Reël 18 | "eerste ratelaar van Umkhonto we Siswe" | "Umkhonto we Siswe" verwys na die militêre vleuel (military wing) van die ANC. Hy was die eerste persoon wat namens die organisasie gepraat het en lede gewerf het. Hy was die openbare spreker van die organisasie. "ratelaar" verwys ook na die feit dat hy destyds mense aangehits het om teen die regering op te staan. |
| Reël 19 | "die swart pimperl" | Dit was Nelson se bynaam omdat die polisie lank na hom gesoek het, maar hom nie kon vang nie. Dit verwys na die |

| | | | |
|---------|--|--|--|
| | | | <p>karakter uit die roman The Scarlet Pimpernel deur B. Orczy wat hom vermom ("disguise") het om van die polisie te ontsnap.</p> |
| Reël 22 | "Nelson Rolihlahla Mandela"" | | <p>Nelson is die naam wat sy graad 1 juffrou vir hom gegee het. Rolihlahla beteken die tak wat uitgetrek word. Dit skakel dus uitstekend by die vergelyking van hom met 'n boomtak.</p> |
| Reël 23 | "getrokke tak van lank gelede" | | <p>Hierdie reël is 'n voorbeeld van 'n metafoor. Hy word met 'n boomtak vergelyk. Hy het 'n ryke tradisie. Hy kom van 'n gevestigde groep - wat lank reeds bestaan. "Getrokke tak" beteken 'n tak wat uitgetrek word. Hy het dus oor die grense van sy stam sy merk maak</p> |
| Reël 24 | "die sleepsels van sy blare lê wyd" | | <p>Hier kry ons weer 'n voorbeeld van 'n metafoor. Hy word met 'n boomtak vergelyk. Blare maak merke as dit gesleep word. Net so het hy sy merk internasionaal ("wyd") gemaak. Hy het invloed oral in die wêreld.</p> |
| Reël 25 | "legendaries is hy – opspoorder van harte" | | <p>Nou word hy as 'n legende beskou wat na mense se opinies en idees luister om nasiebou te bewerkstellig. Hy het ook mense gaan besoek ("opspoorder") wat politieke anders as hy gedink het.</p> |
| Reël 26 | "hy maak die pante bymekaar" | | <p>Hy het die verskillende groepe verenig. Apartheid het mense verskeur – soos materiaal wat in stukke geskeur word. Hier word die groepe as pante beskou. Dis 'n metafoor.</p> |
| Reël 27 | "van 'n verskeurde land" | | <p>Die groepe en kulture van ons land was verdeel (apart van mekaar).</p> |
| Reël 28 | "hy draai ons na mekaar toe vir mekaar" | | <p>Hy bring ons bymekaar om mekaar te leer ken en verstaan. Dit word gedoen sodat ons saam die land kan opbou. Die lang a-klank in bymekaar, mekaar en heelmaker help om hierdie belangrike woorde te beklemtoon.</p> |
| Reël 30 | "hy stig vrede" | | <p>Stig beteken daar was nie eers vrede nie. Hy het vrede gebring.</p> |
| Reël 31 | "vrede, die ma van groot nasies" | | <p>Vrede word herhaal om die belangrikheid daarvan te beklemtoon. Vrede word met 'n ma (belangrike gesinslid) vergelyk. Hier tref ons weer 'n metafoor aan. Vrede is dus noodsaaklik (<i>essential</i>) as ons 'n suksesvolle (groot) nasie wil bou.</p> |

| | | |
|-----------------------------|---|--|
| | <p>Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers: Dit het geen vaste rymskema nie; die strofes is nie ewe lank nie.</p> <p>Die boodskap wat die gedig wil oordra, is dat ons almal naasteliefde (verdraagsaamheid, versoening) moet nastreef. Die tema is verering van invloedryke of merkwaardige mense.</p> <p>Enjambemente word deurgaans gebruik as een van die kenmerke van 'n pryslied.</p> <p>Die pryslied</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die pryslied is een van die mees algemeen gebruikte digvorms in Afrika. • Daar word op 'n mondelinge manier hulde aan iemand gebring (soos by 'n huldeblyk). • Dis 'n samevatting van die belangrikste eienskappe en detail van die persoon wat geprys word. • Dit is gewoonlik 'n professionele prysanger of prysdigter wat aangestel word om die leier of koning toe te dig of sy pryse te besing en word ook tydens belangrike gebeurtenisse gedoen. • Die pryslied bevat verskillende eiename – eerbenamings, name van voorgeslagte, amper 'n geslagsregister – m.a.w. waar die persoon se verskillende eienskappe vandaan kom en baie metafore kom dus voor. Herhaling, alliterasie, assonasie en metafore dra by om die gedig tot 'n eenheid te bind. Inversie (omgekeerde woordorde) dra by om woorde te beklemtoon. <p>Die pryslied is belangrik omdat dit 'n manier is om die volk se geskiedenis te bewaar.</p> | |
| AKTIWITEITE/ ASSESSERING | <p>VRAE</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Watter inligting verskaf die titel oor die inhoud van die gedig? (1) 2. Aan wie is die pryslied opgedra? (1) 3. By watter geleentheid is hierdie pryslied aan die persoon opgedra? (1) 4. Verwys na versreël 15. "n klein swart ster priem sy bolip" <ol style="list-style-type: none"> 4.1 Watter figuurlike betekenis kan "ster" in die gedig he? (1) 4.2 Watter tegniek gebruik die digter om die figuurlike betekenis te beklemtoon? (1) 5. Kies 'n term uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer, byvoorbeeld 5.1 F. | |

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|-----|---|---|----------------|
| 5.1 | “getrokke tak van lank gelede” | A | inversie |
| 5.2 | “vandag” | B | alliterasie |
| 5.3 | “in die sandkliphart/ vandag/ staan hy” | C | metafoor |
| 5.4 | “hy, die sandkleurige seun van uNosekeni” | D | personifikasie |
| | | E | alleenplasing |

6. Verwys na versreël 24: “die sleepsels van sy blare lê wyd” Noem TWEE aspekte wat hieruit afgelei kan word. (4)
7. Mandela het op 'n vroeë ouderdom die president van Suid-Afrika geword. (2)
Haal 'n aanhaling uit die gedig aan om te bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 8.1 Wie of wat was Umkonto we Siswe? (1)
- 8.2 Watter rol het Mandela in Umkonto we Siswe gespeel? (1)
9. Voltooi die volgende paragrafie:
Nelson Mandela se 9.1 ..., uNgubengcuka, was ook die koning van die 9.2...-stam. (3)
Sy pa het op 'n vroeë ouderdom gesterf en hy is deur sy voog 9.3... grootgemaak. (1)
10. Nelson Mandela was die “heelmaker van harte” Wat is jou opinie hieroor? (1)
- [17 punte]

Nasierniglyne (Beantwoord eers op jou eie die vrae voordat jy na die antwoorde kyk.) Sterkte.

1. Die gedig is 'n lied of gedig om iemand te prys, te vereer. (1)
2. Mnr. Nelson (Rolihlahla) Mandela (1)
3. By Mnr. Mandela se inhuldiging as president van Suid-Afrika (1)
- 4.1 Dit kan beteken dat Mnr. Mandela 'n ster of held vir die mense van Suid-Afrika was. (1)
- 4.2 Dit staan alleen in 'n strofe./ alleenplasing (1)
- 5.1 C metafoor (1)
- 5.2 E alleenplasing (1)

| | |
|------------|--|
| | <p>5.3 A inversie (1)</p> <p>5.4 B alliterasie (1)</p> <p>6. Net soos die blare van 'n uitgetrekte tak wyd waai, net so wyd in Suid-Afrika en die wêreld lê mnr. Mandela se invloed en spore. (1)</p> <p>7. "houtschool en as is sy hare" (1)</p> <p>8.1 Dit is die militêre vleuel van die ANC. (1)</p> <p>8.2 Hy was die leier.OF Hy was een van die stigterslede OF Hy was een van hul vegters/ krygers. (1)</p> <p>9.1 oupagrootjie (1)</p> <p>9.2 Thembu (1)</p> <p>9.3 Dalindyebo (1)</p> <p>10. Leerderrespons. Moontlike antwoorde: Hy het mense oor vergifnis geleer./ Hy het mense help versoen. (1)</p> |
| | [17 punte] |
| VASLEGGING | <p>Maak seker dat jy die inhoud van die gedig ken:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nelson Mandela word geprys vir sy bydrae tot nasiebou. • Sy voorkoms word ook beskryf (lank, het moesie, is besig om grys te raak). • Die name van mense (ma, stam, pa en voog) wat deel is van sy lewensgeskiedenis, word genoem. • Die gedig is in die teenwoordige tyd. Hoekom? Hy word vandag steeds geprys. |
| WAARDES | <p>Hierdie gedig leer ons van naasteliefde, verdraagsaamheid (<i>tolerance</i>) en versoening (<i>reconciliation</i>).</p> |